**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Om Ware Dissipels te Word

Ons het in elke nagmaaldiens die voorreg om Hemelse Vader te belowe dat ons altyd die Saligmaker sal onthou en sy gebooie sal onderhou sodat ons sy Gees met ons mag hê (sien Moroni 4:3; 5:2; L&V 20:77, 79). Om Hom te onthou sal altyd natuurlik na ons kom as ons sy Naam op ons neem. Ons doen dit op so baie maniere maar veral as ons ander dien in sy Naam, sy heilige woorde lees, en bid dat ons mag weet wat Hy wil hê ons moet doen.

Dit het met my gebeur toe ek ŉ jong man gedoop het. Ek het geweet dat ek geroep is as ŉ sendeling deur die Saligmaker se geordineerde diensknegte om sy evangelie te onderrig en van Hom en sy ware Kerk te getuig. My sendeling-metgesel en ek het die jong man belowe dat hy gereinig sou word deur die krag van die Versoening van Jesus Christus wanneer hy met geloof in die Saligmaker bekeer en deur een van sy gemagtigde dienaars gedoop word.

Terwyl ek die jong man uit die waters van die doopvont gelig het, het hy in my oor gefluister "Ek is skoon, ek is skoon." Op daardie oomblik het ek die Saligmaker se doop deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier onthou. Meer nog, ek het onthou dat ek die reddingswerk van ŉ herrese en lewende Saligmaker gedoen het—vergesel deur die Heilige Gees, soos Johannes was.

Vir my en vir elkeen van ons, om die Saligmaker te onthou kan meer wees as om op ŉ herinnering van ons kennis en ondervindings met Hom staat te maak. Ons kan elke dag keuses maak wat ons in die huidige nader aan Hom bring.

Die eenvoudigste keuse kan wees om die skrifture te lees. Deur dit te doen kan ons die gevoelens kry van om ná aan Hom te wees. Vir my kom die gevoel van koestering meestal wanneer ek die Boek van Mormon lees. In die eerste paar minute wat ek die hoofstukke van 2 Nefi lees, hoor ek in my gedagtes die stemme van Nefi en Lehi wat die Saligmaker beskryf asof hulle Hom persoonlik geken het. ŉ Gevoel van koestering kom.

Ander plekke in die skrifture mag jou in die besonder na Hom trek. Maar waar ook al en wanneer ook al jy die woord van God lees met ootmoed en ware voorneme om die Saligmaker te onthou, sal jy jou begeerte om sy Naam op jou te neem in jou daaglikse lewe vermeerder.

Daardie begeerte sal die manier waarop jy in die Here se Kerk dien, verander. Jy sal tot Hemelse Vader bid om hulp om, wat vir jou mag lyk soos ŉ klein roeping, te verheerlik. Die hulp waarvoor jy sal vra is die vermoë om jouself te vergeet en meer te fokus op wat die Saligmaker wil hê vir diegene wat jy geroep is om te dien.

Ek het sy hand en sy nabyheid gevoel in my diens met ons kinders wanneer ek gebid het om te weet hoe om hulle te help om die vrede te vind wat slegs die evangelie bring. Op sulke oomblikke het ek minder omgegee om gesien te word as ŉ suksesvolle ouer, maar ek het werklik omgegee vir die sukses en welvaart van my kinders.

Die begeerte om vir diegene wat ons dien te gee wat die Saligmaker vir hulle sou gee, lei tot gebede wat *pleit* tot Hemelse Vader, waarlik in die naam van Jesus Christus. Wanneer ons so bid—in die Saligmaker se naam, met geloof in Hom—antwoord die Vader. Hy stuur die Heilige Gees om ons te lei, te vertroos en aan te moedig. Omdat die Gees altyd getuig van die Saligmaker (sien 3 Nefi 11:32, 36; 28:11; Ether 12:41), vergroot ons vermoë om die Here met ons hele hart, siel en verstand lief te hê (sien Markus 12:30; Lukas 10:27; L&V 59:5).

Die seëninge van daaglikse en huidige onthou sal stadig en voortdurend kom as ons Hom dien, smul aan sy Woord, en in geloof in sy Naam bid. En hierdie onthou sal ons vorm om ware dissipels van die Here Jesus Christus in sy koninkryk op hierdie aarde te word—en later saam met sy Vader in die toekomstige glorieryke wêreld.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Eyring leer ons om die Saligmaker altyd te onthou deur daaglikse keuses te maak om nader aan Hom te kom. Jy mag dalk die nagmaalsgebede wat die verbond om Hom altyd te onthou bevat, lees met diegene wat jy onderrig (sien Moroni 4:3; 5:2; L&V 20: 77, 79). Oorweeg dit om diegene wat jy onderrig te vra om 'n lys te maak van dinge wat hulle elke dag kan doen om die Saligmaker te onthou. Jy mag dit ook oorweeg om tot Hemelse Vader te bid vir mekaar se sukses en welsyn. Oorweeg dit om vir hulle op dieselfde wyse te bid.

## JEUG

### Om die Here Elke Dag te Onthou

Vriende, take, huiswerk, TV—daar is so baie dinge wat ons aandag verg. Maar ons belowe Hemelse Vader elke week "dat [ons] altyd [sy Seun, Jesus Christus] sal onthou" (L&V 20:79).

President Eyring sê dat ons "elke dag keuses kan maak" wat ons help om die Saligmaker te onthou. Oorweeg om hierdie maand 'n doel te stel om die Saligmaker elke dag meer te onthou. Jy kan 'n kalender maak en jouself verbind om een ding per dag te doen om jou verhouding met Hom te bou. President Eyring noem dinge soos skrifture lees, bid in geloof, en om die Saligmaker en andere te dien. Daar is ook die byhou van joernale, bywoning van Kerkdienste, luister na algemene konferensie, tempel toe gaan, gesange sing—die lys gaan aan! As ons die Saligmaker daagliks onthou, belowe President Eyring dat "die seëninge . . . stadig maar seker sal kom . . . [en] ons sal vorm om ware dissipels van Jesus Christus te word."

## KINDERS

### Tonne Liefde

Wanneer ons die skrifture lees of bid, kan ons voel hoe baie Hemelse Vader en Jesus ons liefhet. Teken 'n paar klein hartjies binne-in 'n groter hart. Kleur 'n hartjie in elke keer wanneer jy bid of jou skrifture lees. Wat kan jy nog doen om na aan Hemelse Vader en Jesus Christus te voel?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van die *First Presidency Message, October 2017*. Afrikaans. 97930 501

# Om Diegene wat Afgedwaal het te Omvou met Liefde

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"Die werklikheid is dat daar geen volmaakte families is nie . . . ," sê President Dieter F. Uchtdorf, Tweede raadgewer in die Eerste Presidensie. "Watter probleme jou familie in die gesig staar, wat jy ook al moet doen om hulle op te los, is die begin en einde van die oplossing naasteliefde, die suiwere liefde van Christus."[1]

Van diegene wat nie ten volle deelneem aan die evangelie nie, het Linda K. Burton, voormalige Algemene President van die Verligtingsvereniging gesê: "Hemelse Vader het al sy kinders lief. . . . Ongeag van waar hulle is—op of van die weg af—Hy wil hulle terug by die huis hê."[2]

"Hoe eiesinnig [jou kinders] mag wees, . . . wanneer jy met hulle praat, moenie dit in woede doen nie, moenie dit met skerpheid doen nie, in 'n veroordelende gees nie," het President Joseph F. Smith geleer (1838–1918). "Praat met hulle in sagmoedigheid."[3]

Ouderling Brent H. Nielson van die Sewentig het die Saligmaker se opdrag aan diegene wat 10 silwerstukke het en een verloor: "Soek totdat jy dit vind. Wanneer die verlore een jou seun of dogter is, jou broer of jou suster, . . . na alles wat ons kan doen, het ons daardie persoon lief met ons hele hart. . . .

"Mag ek en jy die openbaring ontvang om te weet wat die beste manier is om diegene in ons lewens wat verlore is te benader, en indien nodig, om die geduld en liefde van ons Hemelse Vader en sy seun, Jesus Christus te hê terwyl ons waak, wag en die verlore een liefhet."[4]

President Henry B. Eyring, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap, het gesê: "Ek het met geloof gebid dat iemand vir wie ek lief was die krag van die versoening sou soek en voel. Ek het met geloof gebid dat menslike engele tot hulle hulp sou kom, en hulle het gekom.

"God het metodes ontwerp om elkeen van sy kinders te red."[5]

## Bykomende Skrifture en Inligting

Matthéüs 18:12; Alma 31:35; 3 Nefi 13:32; L&V 121:41–42
*reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. Dieter F. Uchtdorf, "In Praise of Those Who Save," *Liahona,* Mei 2016, 79, 80.
2. Linda K. Burton, in Sarah Jane Weaver, "Sister Burton, Sister Wixom Visit Church's Pacific Area," *Church News,* 2 Apr. 2013, news.lds.org.
3. *Teachings of Presidents of the Church: Joseph Smith* (1998), 254.
4. Brent H. Nielson, "Waiting for the Prodigal," *Liahona,* Mei 2015, 103.
5. Henry B. Eyring, "To My Grandchildren," *Liahona,* Nov. 2013, 71.

## Ter Oorweging

Hoe kan ons aanhou om naasteliefde te betoon teenoor diegene wat nie die evangeliese beginsels wil uitleef nie?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, October 2017.* Afrikaans. 97930 501